
## 87 Eens eens vir altyd het Hy toe




"Soenoffer, ewig, enkel, klaar,"
moet ons van harte sing;
tog, nog dieselfde, is dit daar
op ons altaar volbring.

Ons God, ons Priester, ons Gesel,
het eens vir ons geboet,
wat Hy nou hier beskikbaar stel:
Sy Liggaam en sy Bloed.

Sy mensheid pleit waar Hy nou woon,
in hemels heiligdom,
en waar, in sakrament vertoon,
sy volk Hom kan bekom.

Sy Liggaam is ons daagliks brood,
sy Bloed is vir ons wyn;
laat ons verkondig, Heer, u dood,
totdat U weer verskyn.

Onbekend Onbekend